die lof aan God is al van vroeg reeds op sy lippe, en so sal dit met hom saamgroei in sy lewe. Dit is hoe ouers kan saai, in die vertroue dat God hierdie verbondsweg ook sal seën.

God gee aan verbondsouers verantwoordelikheid: Geen twee soorte saad in een akker nie! Daarom: hoor ons en ons kinders elke week suiwer die Woord van die Here? En by die skool, pas dit in by dit wat hulle in die kerk hoor? En tuis, maak ek my kinders bewus van die feit dat hulle voor God se *vriendelike* aangesig lewe, en juis ook hoekom hulle so anders is?

Roei die onkruid uit die akker van u kind. Hieraan sal in hierdie lewe geen einde wees nie, maar dit hoef ons nie te ontmoedig nie. Want Christus stry saam met ons, en Hy het alreeds die oorwinning behaal, ook vir ons kinders. Vanuit die oorwinning moet ons nou ook saai en natlei en alle onkruid uitroei. God sal laat groei, dat die saad vrug kan lewer. En die eter? Dit is God self! Hy wil eet van die vrugte van u hande, Hy wil geniet van die lof van sy kinders. Ja, uiteindelik is die Gereformeerde skool (opvoeding) daarom ook God se saak!

---

## STANDAARDE EN AKKREDITASIE

[Vrylik vertaal en verwerk uit **Dr. R.J. Rushdoony** se werk: *The Roots of Reconstruction*, Vallecito: Ross House Books, 1991, p.33,34 en 975, 976.]

**Standaarde**
Onlangs het 'n paar dominees hul beperkte waardering uitgespreek vir ons standpunt teen staatsbeheer oor Christelike skole en kerke.

Hulle bepleit egter wel "beperkte" standaarde deur die staat, sodat kwaliteit onderwys en die uitskakeling van valse groepe "verseker' kan word. Een man vra dan juis of ons nog 'n geval soos Jim Jones wil hê? Ek word deur ander vertel dat hierdie standpunt dan ook herhaaldelik opgebring word. Staatsbeheer is dus nodig om te keer dat dieselfde gevalle gebeur as wat met Jim Jones en People's Temple gebeur het.

Die hartseer feit is egter dat Jim Jones se werk op elke punt gelisensiëer was, by die kindersorg en elke ding! Hy was die vriend van magtige politieke figure en het geglo in staatsbeheer oor die onderwys. Verder, as daar ooit 'n staatsbeheerde en samewerkende kerk in California was, dan was dit die People's Temple. Dit het godsdiens van omtrent dieselfde vlak en kwaliteit geproduseer as die onderwys in die staatskole!

Die doel van [burgerlike] owerheidstandaarde is egter nie kwaliteit nie. Dit is, *eerstens*, staats*beheer*. In een regsaak na die ander is dit uitgewys dat die "onbeheerde" Christelike Skole beter af was, en dat hul studente se punte baie beter was as die staatskoolkinders se punte. *Tweedens*, is die doel van owerheidstandaarde godsdienstig, naamlik om 'n ander godsdiens op die Christelike skool af te dwing, die godsdiens van die humaniteit, d.w.s. humanisme. Daardie "Christelike" skole wat hul onderwerp het aan die staatopgelegde standaarde, het spoediglik opvoedkundig en godsdienstig agteruit gegaan. Die geveg teen staatsbeheer is dus beide 'n teologiese stryd (Aan God alleen behoort die heerskappy), *en* 'n stryd vir kwaliteit onderwys.

[Tereg kan ook vandag gevra word]:
As die owerheidstandaarde so goed is, waarom is die staatskole so sleg? As owerheidstandaarde so voordelig is, hoekom vra ons dan nie vir die staat om ook standaarde daar vir die kerk te stel nie? Sou Jesus Christus aansoek gedoen het vir 'n lisensie, voordat Hy gepreek en geleer het? Kan enige Sanhedrin, toe en nou, 'n aanvaarde standaard voorsien?

**Die betekenis (en implikasies) van Akkreditasie**
Akkreditasie is 'n groeiende en sentrale saak in ons tyd, met die skole as die sentrale area van konflik. In die agtergrond skuil daar ook 'n ander saak, naamlik die akkreditasie van kerke (deur welsynsorganisasies, a.g.v. kleuterskole; en deur raad van kerke vir hul legitimiteit, ens.) Akkreditasie is 'n geloofshandeling. Ons wys ons geloof in iemand, as ons hulle nader vir akkreditasie, d.w.s. vir goedkeuring.

Paulus praat van akkreditasie wanneer hy vir Timótheüs sê, "Lê jou daarop toe om jou beproef [Engels: 'approved'] voor Gȯd te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny" [NAV: "Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel, as 'n arbeider wat *die goedkeuring van God wegdra*, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef

te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig"] (2 Tim.2:15).

Die stam betekenis van akkreditasie, is credo, *Ek glo*. Wanneer 'n skool na 'n akkreditasie raad gaan, dan word daarmee verklaar: 'Ek glo in jou en in jou woord, en ek stel myself voor as een wat jou goedkeuring wil wegdra. As jy my goedkeur, dan hoef ek my nie te skaam nie, want dan leer ek die woord van waarheid en respektabiliteit.'

Keer op keer het ons gesien dat seminariums gestig is met die doel om die kerk te reformeer. Die nuwe seminaar wil die ware woord verkondig, word gesê, maar een van sy eerste stappe is om akkreditasie te soek. Baie vinnig begin die nuwe seminarium te lyk soos die ou een, en in al sy weë soek dit weer die goedkeuring van die humanistiese geleerdheid [*scholarship*], wat hul voorheen verlaat het. Die gevolg is dat die nuwe hervormings alhoemeer na die ou sonde begin lyk. Dit is ook waar in die geval van Christelike skole.

**"As die owerheidstandaarde so goed is, waarom is die staatskole so sleg? As owerheidstandaarde so voordelig is, hoekom vra ons dan nie vir die staat om ook standaarde daar vir die kerk te stel nie? ... Daardie "Christelike" skole wat hulle onderwerp het aan die staatsopgelegde standaarde, het spoediglik opvoedkundig en godsdienstig agteruit gegaan Die geveg teen staatsbeheer is dus beide 'n teologiese stryd (Aan God alleen behoort die heerskappy), *en* 'n stryd vir kwaliteit onderwys."**

Ouers rebelleer teen die korruptheid wat die humanistiese staatskole produseer. Christelike skole word begin en floreer dan, maar gou begin die bose stemme die behoefte aan akkreditasie aanmoedig.

Sodoende word die korrupte sisteem, wat hul verlaat het, weer opgesoek. Sulke mense verskil daarom geensins van die Israeliete in die wildernis nie, wat gesê het: "Laat ons 'n hoof aanstel en na Egipte teruggaan." (Num.14:4.). Sulke manne word regeer deur die beginsel van verwerping. *Wie se goedkeuring soek jy?*

Waar jou geloof is, daar is die bron van jou akkreditasie. Hulle wat akkreditasie soek van *heidense/humanistiese* instellings, dra in hulle harte die beginsel van gevangeniskap en sonde. Hulle voel naak as hulle staan in terme van die Here en Sy Woord, en eis dan van die vyand om hulle te kom aantrek met die vuil lappe van hul akkreditasie.

Akkreditasie is die humanistiese vorm van die besnydenis en doop. Dit roep die getroue humaniste op om die tekens van hul geloof te wys en daarvan te getuig. Akkreditasie rade eis eenvoudig van die getroues om op te staan en getel te word in terme van hul geloof in humanisme en hul instellings.

Die ware rede vir die vervolging van die Christelike kerk deur Rome, *was die kerk se weiering om hom te onderwerp aan die lisensiëring* [goedkeuring] en belasting deur Rome, m.a.w. om hul te onderwerp aan staatsgoedkeuring en akkreditasie.

Rome het belowe dat hulle die kerk min of meer alleen sal los, solank die Christen leiers maar net 'n bietjie wierook brand voor die Keiser se beeld, en sê, "Die Keiser is koning". Hulle sou dan gelisensiëer en ge-akkrediteer wees, en vry wees om te gaan.

In plaas daarvan, het die Christene bely [credo!]: Jesus is Koning" en verset; die afvalliges was ge-akkrediteer. Dieselfde saak is ook met ons vandag, en weer skree die afvalliges: watter skade is daar nou in lisensiëring, in akkreditasie?

Die skade is steeds dieselfde: 'n ander koning word bely [die demokratiese staat?], 'n ander belydenis word bevestig [menseregte?], en 'n ander geloof [humanisme?] word in die praktyk gebring.